

22 Maart

Skrifgedeelte: Matteus 11:25-30 (1933/53-vertaling)

Fokusgedeelte: Matteus 11:29

Buig voor God se wil in jou lewe

Die rus wat Jesus belowe vir vermoeides en belastes (uitgeput van swaar dra aan spanning, smart, onrus, onheil, gevaar, onreg en skade), word eers werklik beleef wanneer jy tot by Hom gekom het in die geloof en gewillig is om van Hom te leer.

Hoe Jesus sy juk (die las van die ganse mensdom se sondeskuld) gedra het, leer ons om rus te vind in ons eie swaar en seer. Die fokus val op Jesus se volle oorgawe aan die Vaderwil. Hy het Hom nie daarteen verhard nie (sagmoedig), en Hy het dwarsdeur alles gehoorsaam gebly daaraan (nederig). Selfs téén Homself in het Hy alles gedra waarvoor Hy in die wêreld gestuur is. Hy weet so goed wat dit is om swaar te dra en moeg te word daarvan, en daarom roep Hy almal wat swaar het na Hom toe.

Die wete dat Hy daardie volle las uiteindelik aan die kruis van al sy kinders af weggedra het, maak dat die laste wat ons moet dra, nie meer so swaar is nie, want dit is nie meer Goddelike vervloeking nie, maar Goddelike loutering!

So roep Jesus ons op om bereid te wees om met dieselfde sagtheid en onderwerping wat Hy aan die Vaderwil getoon het, te buig voor God se wil in ons lewens. Al is dit hoé swaar en geestelik uitputtend! So kom die rus in die onrus, so kom die wete: deur al die laste en uitputting heen, word ek gebring waar God my wil hê, want ek is ingespan in die juk van Jesus se volmaakte gehoorsaamheid aan sý wil!

Sing: Skrifberyming 18:5-8 (17-2:5-8)

Ds JH Cilliers (Reitz)

